Kranspoort Nuus



# Kranspoort Bulletin

Kranspoort Vakansiedorp Gemeenskapsblad Volume 2, Mei 2020



## In hierdie uitgawe


Geldsake Bl.2

In die natuur Bl 3

Koronavirus Bl.4

KP Mense en hulle dinge Bl.6

Kampvuurstories Bl.7

Laaste woord Bl.9

Advertensieblad Bl.10


Front page Photograph by Mike Lumb. (bl.9)

## Uit Piet se Pen....

Geagte Kranspoorter,

Dat Kranspoort Bulletin sy eerste uitgawe in 'n grendelstaat die lewe gesien het, is maar net 'n bewys dat niks hoef te gaan staan as iets drasties verander nie. Nou het ons die tweede uitgawe, propvol interessante leesstof, steeds in die grendelstaat en dit is maar net nog 'n bewys daarvan dat Kranspoorters hulle nie laat onder kry nie.

Die meeste van ons en ons families is direk of indirek deur die pandemie geraak. Groot opofferings gaan dalk nog deur baie van ons in die toekoms gemaak word om ons vriende en families by te staan in 'n wêreld wat baie anders gaan lyk, daaroor het ons geen twyfel nie.

Die hoogste prioriteit is egter nou, om ons veiligheid teen die virus te verseker en 'n ernstige beroep word op alle inwoners gedoen om nie onverskillig te staan teenoor besmetting van die virus nie.

Die bestuur en beheer van Kranspoort gaan voort, grendelstaat of nie maar ons is almal bewus daarvan dat daar baie nuwe uitdagings vir ons voorlê. Nuwe strategieë, nuwe werkswyses en nuwe maniere van dinge gedoen kry, gaan aan die orde van die dag wees. Die spesifieke wyse waaraan ons as KEK voldoen aan die regulasies vir vlak 4, is in 'n vorige skrywe wat uitgestuur is, breedvoerig verduidelik. As u steeds vrae daaroor het kontak my gerus.

*Uit Piet se pen vervolg op bladsy 2*

## Meimaand in Grendeltyd

En so staan Meimaand einde se kant toe. Fase 5 van ons grendeltyd het gekom en weer aanbeweeg. Ons warm somerweer het plek gemaak vir koel herfsweer en al ons gevleuelde somerbesoekers het weer koers gekry noorde toe.

Kyk net so bietjie rond en sien hoe die veld stadig besig is om sy somerbaadjie uit te trek. Die diere is egter nog vol huppel en blydskap en geniet die stil strate en veiligheid, terwyl die Kranspoorters voortleef in vrede en vreugde in ons eie klein paradys.

Hoe lyk Fase 4 tans in Kranspoort: Daar is Advokadopere op elke etenstafel en gesigmaskers in die laai by die voordeur. Meeste huise is nou herstel en vernuwe en tuine gereed vir die winter. Legkaarte is gebou en boeke gelees, blokkies brei- en hekelwerk lê op die koffietafel.

Maar die grendeltyd raak nou lank en Kranspoorters begin verlang na hul familie en kleinkinders. Hul hunker na 'n lekker kuiertjie saam met die bure of dalk 'n potjie gholf of jukskei.

Maar hou goeie moed, stadig begin die grendels oopmaak en ons bewegings vryer.

Baie dankie vir elke bydrae wat ons ontvang het, maak asseblief solank die stories bymekaar vir die volgende een. Skryf 'n gedig, verwoord die storie wat nooit vertel is nie en laat ons weet van al die interessante dinge wat die mense van Kranspoort doen.

*Redaksie-groete*

## KEK stel Operasionele Bestuurder aan.



Na maande se beraadslaging, ondersoeke en gesprekke het die Direksie besluit om die KEK se personeelstruktuur te optimiseer. Dit het gespruit uit die bedanking van die vorige Algemene Bestuurder en die dringende behoefte aan kostebesparing.

Volgens Piet Valks was die finale besluit om die ou Algemene Bestuurspos en huidige Tegniese Bestuurderspos te inkorporeer in die nuwe Operasionele Bestuurderspos. Dit het meegebring dat beide poste se rolle en taakbeskrywings hersien moes word. Standaard werwingsaksies het gelei na 'n kortlys van interne sowel as eksterne kandidate, waaruit Christo as die suksesvolle kandidaat getree het.

Na 'n lang en suksesvolle loopbaan van 33 jaar by Anglo Gold Ashanti in 'n Tegniese hoedanigheid, het Christo die pos as Tegniese Beampte gedurende Januarie 2018 in Kranspoort aanvaar. Die pos is later uitgebrei na Tegniese Bestuurderrol. Die Direksie het hom gedurende hierdie tydperk leer ken as lojale, ywerige Tegniese Beampte en goeie bestuurder en leier vir sy spanne.

Alle sterkte word Christo toegewens in hierdie belangrike rol.

## Uit Piet se pen vervolg

Die direksie wil weereens sy dank uitspreek aan die eienaars wat getrou hulle heffingbydraes maak. Ons gaan in die toekoms op alle terreine meer en meer op onsself moet staatmaak as ons wil behou en verbeter op wat ons het.

Kom praat gerus met ons as u enige goeie voorstelle of idees het. Ons verwelkom altyd goeie idees en vernuwende gedagtes.

Lekker lees aan hierdie uitgawe en begin sommer nou al dink aan 'n bydrae wat u aan die redaksie kan stuur vir die volgende uitgawe.

Tot volgende keer.

Piet Valks, Voorsitter:KEK

## Province instructs municipality to keep licencing department closed

The municipal licencing department was ready to open early Monday morning, with large numbers of residents queuing at the department from 05:00 this morning, just to be turned away by security personnel.

"We have communicated our readiness to open to the province but have been instructed to remain closed until an inspection has been done," Mr Khenisa told www.mobserver.co.za.

The province has not notified the municipality as to when the inspection will be conducted.
Mr Khenisa says that complaints should thus be forwarded to the Mpumalanga Provincial Government as the municipality is only following order.
"We are ready to open and will do so when the province allows us, we apologize for any inconvenience."

*Middelburg Observer (Monday 18 May)*

## In ons grendelstaat - Ware hoop kom van God.

Ds Jaco van Rooyen

Iemand het eenkeer gesê: " Ek is 'n groot sondaar, sonder hoop" en sy het later bygevoeg " Maar ek het gelukkig 'n groot Verlosser, die bron van Hoop!"

Ons leef tans in baie moeilike tye. Daar heers 'n gees van somberheid en pessimisme oor die land heen. Die Koronavirus bedreig ons almal en daarom bly ons nog almal onbepaald ingeperk in 'n grendelstaat met baie frustrasies en onsekerhede.

Die hartseer feite is verder dat die ekonomie nog verder verswak, daar is bankrotskappe en mense verloor hulle werk wat nog meer maatskaplike probleme veroorsaak. Die spanning en die vreugdeloosheid van ons dag word bevestig deur ons gesigte wat nie meer glimlag nie. Dit lyk of ons hoop verloor het. Mense sonder hoop is lam, moeg en vreugdeloos.

Ons as Christene word egter opgeroep om hoop te leef en mekaar te bemoedig, want God is die bron van ons hoop. Hoop is tog een van die basiese bestanddele van ons geloof! Hoop kan nie gedefinieer word nie; dit is 'n geskenk van God self, dit gee aan ons die vermoë om God agter alles te sien.

Dit vervul my met die verwondering en dankbaarheid van 'n kind.

Dit is tog wat ons voorouers gedoen en ons geleer het. Daarom hou ons vas aan wat Paulus vir gelowiges bevestig in Filipense 4 verse 4 tot 9. Lees dit gerus en weet en aanvaar dan; ons kan as gelowiges altyd onder alle omstandighede bewus wees van die nabyheid van ons Hemelse Vader. Sy Heilige Gees woon in ons en Hy is ons Trooster, ons Bemoediger, ons Leidsman en ons gedurige Metgesel deur die lewe. Hy kan en wil in elke behoefte voorsien.

Ons staan almal voor 'n onbekende en onsekere toekoms. Niemand weet wat lê alles vir ons nog voor nie. Gelowiges is egter veilig en gekoester by ons Hemelse Vader, nou en vir altyd.




## Geldsake deur Dries

Kranspoorters, u het alreeds die state gesien waar ons finansiële posisie soos aan die einde April 2020 weergegee word asook ons vooruitskatting tot einde Junie 2020.

Die inperkings agv die koronavirus het veroorsaak dat ons die gholfbaan moes sluit. Ons kon egter nie die instandhouding van die bate agterweë laat nie en daarom is dit met spyt dat ons 'n verlies vir die finansiële jaar moet vooruitskat. Die gholfbaan bestuur het egter hard gewerk aan die begroting vir die volgende finansiële jaar en met inoverende denke beplan hulle om die jaar deurgaans 'n surplus te toon.

U kan ook in die staat van die KEK sien dat ons beplan om die jaar met voldoende fondse af te sluit waarin voorsiening gemaak is om die Kareetenk op te knap en te begin om van die verouderde pypleidings te vervang in 2020/21.

In die begroting van 2020/21 gaan dit ongelukkig nodig wees om die watertariewe te verhoog sodat ons voldoende fondse beskikbaar sal hê om die toringtenk in 2021/22 te kan opknap en verdere pypleidings te vervang.

Ons begroting vir 2020/21 sal in Mei 2020 aan die direksie voorgelê word vir goedkeuring en aan die Kranspoortlede vir inligting en insette in Junie 2020 en dan finaal vir goedkeuring by die Algemene Jaarvergadering.

Dit is belangrik dat al die inwoners van Kranspoort hul heffings gereeld betaal sodat ons al die verpligtinge soos hierbo genoem kan nakom.

## Botshabelo not suitable as Middelburg's Covid-19 quarantine site

There's growing panic among the public whether Botshabelo would be suitable as Covid-19 quarantine area with the existing infrastructure available at the historic village. A resident said that at present, Botshabelo was unsuitable for habitation, especially for the sick and vulnerable.

According to the department's Mr Dumisani Malamule, Middelburg presently has no quarantine site, despite earlier confirmation from the municipality that the department had chosen Botshabelo to isolate Covid-19 sufferers.

*Middelburg Observer*







# In die natuur…Die gespikkelde fenomeen van die Afrika-bos.

## Tarentaal

*Met erkenning aan "Mieliestronk"*

*Deur Rentia Botha*

*IN DIE storietjie regs word vertel van 'n vernuftigtige tarentaal—wat 'n haas, van alle diere, ore aangesit het! Dit is 'n fabel uit Wes-Afrika en bevat 'n belangrike les teen oneerlikheid. Jy kan wel ook sê dat die tarentaal toe vir die haas kaalkop die waarheid vertel het.*

Met sy kaal kop, spikkels en "horing" op die kop draf hy sy haastige draf agter sade en plantbolle aan. Maar hy is ook lief vir insekte en bosluise is sy poeding.

Kaalkop? Inderdaad. Die veerlose kop van een van Afrika se interessantste voëls is een van sy vernaamste kenmerke—tesame met die helm, 'n eienaardige horingagtige uitsteeksel bo-op die kop. Voorts het hy 'n fisantagtige voorkoms: 'n blougrys en witgespikkelde veredos.

Maar die tarentaal is eintlik 'n verstommend vinnige hardloper en sal eerder vir sy vyande weghardloop as om van hulle af weg te vlieg. Dit is dus amper verbasend dat hy sy vlerke en nie sy pote nie gebruik het om die onderduimse haas in die fabel op sy plek te sit.

Hierdie hoendervoël—werklik byna so groot soos 'n hoender—is 'n tipiese Afrika-voël. 'n Stuk of sewe spesies kom verspreid oor die hele vasteland van Afrika, op Madagaskar en op ander eilande in die Indiese Oseaan voor.

Die grootste lid van die familie is die 60 cm groot aasvoël-tarentaal, Acryllium vulturinum, van die tropiese Oos-Afrika. Daar is egter voëlkenners wat reken dat Wes-Afrika die tarentaal se oorspronklike hougebied was - einste die plek waar die fabel ontstaan het.

In Suid-Afrika kry ons slegs twee soorte. In KwaZulu-Natal tot by die Zambezi tref ons die Zambezi-kuifkop-tarentaal aan, terwyl ons in verskillende dele van ons land ook 'n paar ondersoorte van die Madagaskar-tarentaal vind.

Tarentale is in Suid-Afrika gewilde jagvoëls. Hulle is lief vir boswêreld en leef van insekte, sade en plantbolle.

Die twee geslagte se kleure is dieselfde. Trouens, dit is moeilik om die volwasse mannetjies en wyfies van mekaar te onderskei. Die mannetjies is geneig om 'n growwer kop en groter helm te hê, asook dikker belle.

Die roepe wat tarentale maak nadat hulle ouer as twee maande is, kan ook help om die voëls se geslag te bepaal. Die wyfie maak 'n tweelettergrepige geluid wat soos "bak-kwiet", "bak-kwiet" klink, terwyl die mannetjie s'n 'n eenlettergrepige gil is. Opgewonde wyfies gil egter ook.

Die Afrikaanse dertiger-digter Totius, het in een van sy bekende gedigte die roep van die tarentaal baie beskrywend met 'n kruiwawiel se skreeugeluid vergelyk!

Hoewel hy eintlik van ons wêreld is, het die tarentaal ook geëmigreer en hom selfs 'n gewilde huisdier in Amerika en Europa gaan bewys. Plek-plek loop die tarentale daar saam met die hoenders en kalkoene, ofskoon hulle ook weer maklik wild word. Om die waarheid te sê, mak tarentale is maar senuagtige raasbekke en dus word hulle nie in baie lande op groot skaal kommersieel geteel nie. Uitsonderings is lande soos Frankryk, Italië en België, waar met groot getalle geboer word, asook Kanada.

Tarentaaleiers broei binne 26 tot 28 dae uit. Tarentaalboere gebruik hoenderhenne om met die broeiwerk te help, omdat die tarentaalwyfie dikwels haar nes sal verlaat nadat slegs 'n paar tarentaalkuikens uit die eiers gekruip het. Twintig eiers kan onder 'n groot hoenderhen geplaas word.

Van die drie makgemaakte tarentaal-variëteite—die pêrel-tarentaal, die wit tarentaal en die laventel-tarentaal—is die pers-grys pêrel-tarentaal die algemeenste.

### Die Tarentaal

Die kruiwawiel se skreeugeluid
Kerm hy droefgeestig uit
Terwyl die skeem'ring vinnig daal,
Die tarentaal.
Hy soek, en dit is ook al laat
Vir hom 'n kameraad
Om in 'n boom die eensaamheid
En nag te slyt.
Saam sal hulle in 'n blinkblaarboom
Half slaap, half waak, half droom
En by die naad'ring van verderf
Alleen nie sterf
Ek het gemik en met die knal
Het een dood neergeval;
Die ander vlieg weg in die nag!

Totius



## Tarentaal wys Haas wie's baas

**TARENTAAL kan dit maar net nie aanvaar dat Haas hom so ingeloop het nie. Hy wat Tarentaal is, het hom oor 'n boeg gewerk om 'n goeie oes van eetbare knolle op sy plaas te verseker, en toe kom die luie lummel van 'n Haas en hy vat Tarentaal se plaas.**

**Sommer net so!**

**Haas het naamlik die hoofman van die stat bedrieg. Die hoofman moes skeidsregter speel en besluit wie die ware baas van die plaas is. Maar Haas en sy gesin het vantevore heimlik 'n voetpad van sy huis af uitgetrap na die landerye waar die knolplante gegroei het. En as gevolg van die voetpad is Haas toe deur die hoofman as die plaaseienaar aangewys. Die voetpad sou mos bewys dat Haas die eintlike plaasboer is!**

**Tarentaal, wat altyd na sy plante gevlieg het, het in die proses natuurlik geen spoor nagelaat wat as bewys van sy harde werk en dus van sy eienaarskap van die plaas kon dien nie.**

**Hierdie fabel uit Wes-Afrika het darem 'n gelukkige einde vir Tarentaal. Telkens wanneer Haas daarna van die knolle oes, kom Tarentaal aangevlieg en laai die mandjies knolle op sy kop en vlieg summier daarmee weg na sy eie huis. Weer moet die hoofman beslis—hierdie keer aan wie die baie mandjies knolle dan behoort.**

**Die hoofman se uitspraak: As iemand in sy lewe al baie mandjies op sy kop gedra het, moet sy kop vanselfsprekend die bewyse daarvan toon. En, ja kyk, Tarentaal het 'n kaal kop, maar Haas se kop is vol hare. Daarom behoort die knolle alles aan Tarentaal!**

**Jy kan wel sê dat Tarentaal toe vir Haas kaalkop die waarheid vertel het!**

# Koronavirus




## Elsabe het met Kranspoorters gaan gesels oor die emosionele impak van die grendeltyd op hulle.

deur Elsabe Strydom

Ek het dit goed gedink om vrae te vra oor emosies gedurende hierdie inperkingstyd. Iewers het ek gelees dat n mens eers werklik waardeer wat jy het as dit van jou weggevat word. Met my gesprekke het ek besef hoe positief Kranspoorters nog steeds is. Laat ek hulle aan die woord stel;

***Magda Botha sê*** :Die boodskappies wat Elna stuur van Ds Anton en ook die oproepe van ons kinders gee my moed. Ek luister baie graag na musiek, want dit hou my kalm. Ons speel speletjies wat ons lank laas gedoen het en geniet dit baie.

Ons sou graag weer soos voorheen Sondae die wildsroetes wou ry maar as dinge terugkeer na normaal, ek sal sommer net ry tot waar die pad ophou. Dan sal ek beslis ook baie meer by die kinders gaan kuier..

Wat my moedeloos maak is die werklikheid dat ons nie meer kan drukkies uitdeel soos voorheen nie (al verstaan ek dit) en dit onstel my as mense so onverantwoordelik optree en nie die erns van die situasie besef nie. Die politieke situasie bekommer my ook.

Maar uiteindelik is ek net dankbaar dat ons nog lewe en in Suid Afrika is en wel in Kranspoort.

***Mike Lumb voice his feelings*:** After 7 weeks of Lockdown, we, like I think most people are getting frustrated and would like to see a return to freedom of movement, so we can visit family and friends.

We are very fortunate to live in Kranspoort, surrounded by nature's beauty, for which we are thankful and appreciative, and this eases the isolation of lockdown tremendously.

One nice aspect of lockdown is the peacefulness and quietness that has returned during the week. No builders, weedeaters etc, just the sound of the birds and animals, that seem closer and to appear more often. Or did we pay less attention during the hustle and bustle!

Also we have more time to spend on hobbies and all the things we didn't have time for!

We realise that the restrictions are necessary to combat transmission of the virus and that new normals (masks,social distancing etc.) are here to stay untill a vaccine is available, however we are positive about the future, things will improve, and we put our trust in the Lord!

***Marge Greyling sê:*** Ons is positief en help ons kinders waar ons kan. Een goeie ding is dat ek ophou rook het en na drie weke mis ek nie eens meer n sigaret nie!

***Lulu van Niekerk sê***: Ek is 80 jaar oud en ons is 56 jaar getroud . My geloof in God hou my positief en ek kan elke dag begin met die wete dat ek nooit alleen is nie. Ouderdom is nie n maklike outjie nie en ek is nie meer so flink en vinnig nie, maar as twee mense mekaar werklik liefhet en waardeer is niks onmoontlik nie.

Ons moet ook niks as vanselfsprekend aanvaar nie. Ons grootste lag was toe ons op die skaal klim en nie kan glo een koekie weeg so baie nie!

***Piet Groenewald sê*:** My geloof gee my moed en ek is dankbaar dat ons nog gesond is en dat ons tog n mate van vryheid het deur elke oggend te gaan stap, maar ek voel jammer dat ons nou ontneem is van sport as toeskouer en as deelnemer.

Ek luister graag musiek en sangers soos Koos du Plessis stem my rustig. Ek sou graag wou gaan gholf speel en sal beslis meer dikwels doen as dinge weer na normaal terugkeer. Dit voel asof ons menseregte gekaap is deur die regering met die dwaasheid van sekere reëls.

'n Mens ondervind n angstigheid oor die onsekerheid van die toekoms. Ons het ons tweeling kleinkinders wat die 5de Maart gebore is nog nie kon sien nie en dit maak ons hartseer.

Terwyl ons self huiswerk en tuinwerk doen, waardeer ons ons werkers soveel te meer. Ons frustrasie is ook dat ons beplanning van ons finansiële sake dalk nie so goed sal uitwerk met die verlaging van rentekoerse en die wisselvallige aandelebeurs.

Die inperking het my geleer om te meer te beplan as ons gaan inkopies doen en nie onnodige ritte te doen nie. Maar as die inperking verby is, sal ek my vryheid meer geniet en waardeer.

***Bella Nelson sê:*** Ek is dankbaar dat ons in Kranspoort is en dankbaar vir stabiliteit. Ek en my man se verhouding verdiep in hierdie tye. Ek bly rustig deur te brei en te hekel en musiek te luister, maar sou so graag my nuwe kleindogter wou sien. Ek sou ook graag my skoonseun wat siek is, wou besoek. Maar ek het geleer om die klein dingetjies in die lewe meer te waardeer. As dinge weer terugkeer na normaal , wil ek sommer elke maand by die kinders gaan kuier.

Ons leer jukskei speel en dit is groot pret wanneer my man my leer en dan lag ons heerlik saam.

The meaning of 'PANDEMIC' - (of a disease) prevalent over a whole country or the world.

Yes, we are all effected by the pandemic "Covid-19", the Corona Virus.

This disease has caught the whole world by surprise, no-one was prepared for the magnitude of this disease or any other.

What must be remembered is that there is no-one to be blamed for it, we must strengthen ourselves and make the best of the current situation; however long needs be. We need to be supportive of others even though physical contact is not allowed (with good reason), the advances in technology enable us to stay in contact through phone calls, whatsapp, we can skype or make video calls, so even though physical contact is not allowed we can still keep contact with our loved ones.

Unfortunately, this is also a time of mental highs and extreme lows, this is not unexpected as now we are all quarantined, spending more time with someone or all alone. This is where support and empathy is very important, and because of the social distances we need to use technology to reach out to each other. When someone is in a downward spiral, you could just be the one on the upward curve and able to help them without judging them, let them talk, let them cry, let them rant and rave, but be there with EMPATHY (the ability to understand and share the feelings of another) and not too much sympathy (feelings of pity and sorrow for someone else's misfortune). No-one needs you to feel sorry for them, we are all in this together, and too much sympathy can increase depression. It is the understanding and upliftment that we all need in this time, and in actual fact always. If you can't be positive, you cannot expect to help someone else feel more positive about the situation.

We can and we will get through this pandemic – TOGETHER

(Maggie Hibbert)

## Kranspoort Inwonersprofiel: Christo en Annelie Landman



*Om ons inwoners beter te leer ken, gaan daar gereeld 'n Kranpoortinwonersprofiel verskyn. Die Inwonerspaar sal na willekeur gekies word. Hierdie uitgawe het die Redaksie egter goedgedink om die geleentheid te gebruik om Christo Landman, ons pas aangestelde Operasionele Bestuurder en sy vrou, Annelie op hierdie wyse aan die gemeenskap bekend te stel.*

*Vertel ons bietjie waar kom julle nou eintlik vandaan?* Voordat ons na Kranspoort verhuis het was ons woonagtig in Klerksdorp en beide van ons was werksaam by AngloGold Ashanti.Christo was vir 33 jaar werksaam in die Elekrtiese ingeneurs afdeling (Hoog-spanning).Ek was vir 8 jaar hoofsaaklik betrokke met die kommersiële eiendomme van die myn. Ek is tans takbestuurder van Oriprops, kommersiële eiendoms-makelaars in Middelburg.

*Ons kan sien dat julle as paartjie wonderlik aangepas en vol liefde is, maar hoe het julle ontmoet?* Ons het deur 'n gemeenskaplike vriendin ontmoet en ons eerste 'date' was by Aardklop Kunstefees.

*Kinders is die produk van enige paar se liefde, vertel ons van julle kinders:* Ons het drie kinders, Sharandi is die oudste dogter en woon en werk in Langebaan as hoërskool onderwyseres waar sy Wiskunde en Landbou Wetenskap aanbied. Sune is die middelste kind en moeder van ons pragtige tweeling kleinkinders, Marnus en Adelia (14 maande oud), getroud met JP Viljoen en woon en werk in Middelburg. Willie, ons seun is 'n dosent in entomologie aan die Universiteit van Noordwes (Pukke).


*Die beste tyd van elke jaar is wanneer ons vakansie hou, hoe lyk 'n tipiese vakansie vir die Landmans?* Ons hou van agterpaaie toer deur ons mooi land en was al by plekke soos Blouputs, Askham, Noenieput en Stanford, De Rust en Mc Gregor. Ons geniet kamp met 'n tent en het onlangs saam met Marina en Danie Scholtz (Sus en swaer) Namibië getoer met die tente, van Gobabis tot Ruakana.


*As julle twee saams tuiskom na 'n dag se harde werk, wat is dit wat julle graag doen om te ontspan*? Ons albei hou van kosmaak, en geniet dit saam in die kombuis, dis waar ons rondinge vandaan kom.


*Hoe voel julle vandag om hier in Kranspoort te leef?* Ons is geseënd deur onse Hemelse Vader en Hy het ons weg voorberei . Ons glo dit is deur Sy hand dat ons na Kranspoort gebring is om ons senior jare hier gelukkig te kan deurbring en die prag van hierdie paradys te mag geniet. Ons is immers so lief vir die mense hier.

## Statistieke wat saakmaak

Neem asseblief kennis dat die statistieke hier getoon is soos gepubliseer deur Maroela Media op Maandag, 18 Mei 2020.




Sterftes volgens ouderdom:

| Ouderdom | Getal sterftes |
|---|---|
| 0-9 | 0 |
| 10-19 | 0 |
| 20-29 | 1 |
| 30-39 | 15 |
| 40-49 | 34 |
| 50-59 | 55 |
| 60-69 | 66 |
| 70-79 | 58 |
| 80-89 | 27 |
| 90-99 | 8 |
| Totaal: | 264 |

Sterftes volgens geslag:

| Mans (%): | Vroue (%): | Totaal: |
|---|---|---|
| 148 (56%) | 116 (44%) | 264 |

# Kranspoort se mense en hulle dinge…..

## Perd van 'n ander kleur

Ons Kranspoorters het werklik 'n groot verskeidenheid van talente. Ons het byvoorbeeld vir Lood Lowies wat met daardie groot paar hande van hom die delikaatste houtgoedjies kan maak. Fonnie van Vuuren met sy staal, Deon Wentzel en sy messe en ook 'n hele paar vrouens soos Elza Derbyshire en Alta Vermaak wat kan toor met die naald. Vergeet nie van Adelle van Zyl, Anne-Marie Alberts, Phil Hibbert en sekerlik nog ander wat ons gereeld vermaak met hulle pragtige stemme en ook ons dorp se skilders soos Elsabe Strydom, Helena Lourens en Kokkie Geyer!


Dan het ons vir Wietske Smit. Wietske wat wildlewe skilder dat dit soos 'n foto lyk! Daar hang menige van haar skilderye in huise hier op Kranspoort en elders in die land. So week of wat terug het sy vir ons die groot watertenk by die waterwerke in 'n kunswerk omtower. Baie dankie Wietske!

Rentia Botha



## Grensdraadhelde hou ons en ons diere veilig












Gedurende 2019 het die Voorsitter Piet Valks, weens 'n tekort aan KEK werknemers, die behoefte gesien dat Kranspoort se wildsheining meer gereeld nagegaan en herstel moet word. Kranspoorters is lief vir hulle wild en ons gemeenskap se veiligheid word hoog op prys gestel.

Piet het my genader om as koördineerder op te tree. Ons het met 'n klein groepie vrywilligers begin en teen November is die totale heining gereeld ten minste een keer elke twee weke nagegaan.

Die heining strek oor ongeveer 15km. Die afstand is nie die werklike uitdaging nie, maar wel die terrein en verreweg die grootste deel word te voet gedoen. Meeste van ons lede is al pensionarisse, maar dit het nie die geesdrif gedemp nie. Selfs die manne wat nog werk het hulle Saterdae opgeoffer om ook 'n bydrae te lewer. Mettertyd het ons ledetal gegroei en selfs dames het entoesiasties begin deelneem.

Tydens die nasionale staat van inperking is besluit dat ons die heining meer gereeld moet nagaan. Tans word die totale heining minstens twee keer per week nagegaan ten einde ons wild en inwoners te beskerm. Die heiningspan het dan ook nie geskroom om uit eie wil materiaal by die stoor te trek en ywerig self gebreke wat geidentifiseer is, te herstel nie. Die gees onder die lede is goed en Kranspoorters kan met reg trots op die span wees

*(Deon Taljaart)*

## Kranspoort se masker-engel



Ten spyte van al die negatiwiteit rakende die virus, het ons op Kranspoort ook wonderlike hoogtepunte. Delia Crozier het uit die goedheid van haar hart besluit om 'n goeie weldaad vir ons te doen deur dosyne maskers te maak en dit gratis te skenk aan ons Kranspoorters. Baie baie dankie Delia, ons is opreg dankbaar vir jou goeie gesindheid.

(Kokkie Geyer)

## Vonkelvroue doen dit weer





Gedurende die eerste gedeelte van grendeltyd het die flukse Vonkelvroue 9 komberse voltooi. Verlede jaar het ons aan Hospice 11 komberse geskenk en hierdie jaar se skenking gaan aan inwoners van Huis Herfsakker in Groblersdal uitgedeel word. Baie dankie aan almal wat betrokke was. Ek dink ons kan trots voel daarop.

(Elsabe Strydom)

## Andrew spaar KEK geld, maak self papierrol-staanders



Kranspoort Tegniese beampte, Andrew Schutte, het hierdie staal papierrolstanders eiehandig gemaak, vir aanwending in KEK se werksplekke. Hy het al 4 van hulle klaar, waarvan reeds geplaas is in die Kranspoortwerkswinkel, administrasiekantoor en een by die gholfbaan.

(Hester Hattingh)

## Piet plant 'n Covid 19 monument

In Kranspoort is al ons inwoners dalk veiliger as mense in die dorpe en stede, tog is ons almal in ons huise en erwe vasgevang tydens die inperkingsmaatreëls. Dit alles te danke aan 'n klein onsigbare en onbekende karonavirus, gedoop COVID 19. Nie net in Suid Afrika nie, maar ook in die res van die wêreld. Ook hier kan ons nie meer gholf speel nie. rokers en drinkers, en ek ken 'n paar van hulle, voel dat hulle regte soos uitgespel in die Handves van Menseregte, deur die regering GEKAAP is. Basiese vryheid van beweging word deur wetgewing en die weermag en polisie afgedwing......Oor 'n paar jaar van nou af sal elkeen sy of haar eie herinneringe hê oor die pandemie.....Ek het dit goedgedink om vir ons 'n COVID 19 boom (monument) te plant. Ons wêreld is op sy kop gedraai en hierdie onderstebo struktuur sal ons nog lank na hierdie tyd van inperking en siektetoestande wat ons tans beleef, herinner.



(Piet Groenewald)

# Kampvuurstories (vervolg)

## Rillervakansie met die wolwe deur Johan Botha



Een koel Hoëveldse herfsoggend, 'n Donderdag vroeg in April 1967 roep pa my nader.

"Boeta, bring die trekker met 'n lang kabel en sleep vir ons die ou dubbel-dekkerbus onder die groot bloekomboom in. Dan maak jy die boonste dek los sodat ons dit in die boom kan ophys. As ons die onderste deel uitsleep, dan laat sak ons die bo-dek op die vragmotor. So bou ons 'n vragmotorwoonwa en ry vanaand nog see toe."

Pa het lank terug 'n ou rooi, room-en-silwer dubbeldekkerbus by die Johannesburgse munisipaliteit gekoop. Uit die onderstel is 'n groot sleepwa gebou wat nog baie jare daarna diens gedoen het. Die twee groot bo-en-onder kajuite was ons kinders se geliefkoosde speelplek, bendehuis en tweede tuiste buite die huis. Die donkerrooi sitplekbankies het deur die jare op elke moontlike stoep en onder elke afdak op die werf nuwe staanplek gekry. Soos wafferse brandweermanne het ons geleer om met 'n Tarzan-swaai teen die blink pyp langs die steil spiraaltrappies af te gly.

Gewapen met 'n verskeidenheid van gereedskap takel ons die bo-dek. Ek glo nie daar was sedertdien weer soveel klinknaels met 'n handboortjie op een dag uitgeboor nie. Later het ons sommer net met 'n beiteltjie, ystersaag en byl die geveg voortgesit. Teen middag was die spulletjie los en knip ons die laaste drade van die dakliggies en luidsprekers. Ma het jare terug vir ons rooi gordyne voor die baie skuifvensters met die blink knippe gemaak en dit is die oggend reeds gewas.

Die hele plaaswerf is in rep-en-roer. Oupa(dit is nou die kleinkinders se oorgrootjie) laat skaap slag. Oupa-hulle het in die hoofhuis op die plaas gebly. Ouma laat stroop die groentetuin en maak pakkies op. Daardie jare se plaastuine het elke denkbare groente gegroei en was groter as twee dorpserwe.

Met baie beduie en geskreeu word die bo-dek met kabel-en -ketting sommer so met die trekker in die boom opgetrek. Die onderste deel word uitgesleep en die 8-ton vragmotor ingetrek. Die voorvensters van die bo-dek kom agter teen die stuurkajuit en die dop word laat sak. Behalwe dat die bus omtrent 'n meter agter uitsteek, pas dit presies van kant-tot-kant op die bak. Pa het seker lankal daardie sommetjie gemaak. Ons saag en kap verwoed aan die oorsteekstuk.

Teen agtermiddag laai ons 'n 44 galondrom diesel met 'n handpomp en 'n drom skoon water voor op die bak. Pa parkeer die vragmotor teen die agterstoep en met die hulp van 'n paar werkers word die huisraad ingelaai. Pa-en-ma se katel. Ons drie kinders se beddens. Matrasse met beddegoed en al. Groot bedkas met laaie vir die klere, kombuiskas vir skottelgoed en kosvoorraad, gasstoof, parafien yskas, gaslampe, kampstoele en vele meer. Sakke mieliestronke word onder die beddens ingestoot. In die Vrystaat word met mieliestronke gebraai.

Dit lyk behoorlik of ons verhuis.

Die groot oop agterkant moet nog toegemaak word. Ons prakseer 'n oplig luik uit dakbalke en splitpale wat binne die vragmotor se agterklap inpas. 'n Balk hou die luik op as dit oop is en 'n trapleer sorg vir toegang tot die bak.

Ouma is al die heeldag nie lekker nie. Kort-kort kom bekyk sy die gewerkskaf en loop dan mompelend weg. Ma sê maar niks en pa vra ook nie uit nie. Almal is besig. Teen sononder laat bars ouma die bom.

"Daar is nie 'n manier dat sy en oupa alleen agterbly met die klomp 'wolfhonde' op die werf nie" sê sy.

Sy kan hulle nie beheer nie en aanvaar geen verantwoordelikheid vir hulle nie.

Die Duitse Herdershonde was 'n teer punt in die andersins rustige plaasfamilie.

Pa het eenkeer 'n Duitse sakeman op die grootpad gehelp. Dit het tot 'n wedersydse vriendskap gelei en eendag daag die man daar op met twee jong 'pedigree' hondjies. Hul geregistreerde name was langer as my arm en het diep in die Duitse monargië se geskiedenis gaan draai. Kortom, die pragtige reun se naam was Ghustel en die teef, Hilda. Die jong reun, hul eersteling wat ons gehou het, se naam was sommer net Wolf. Die driemanskap was 'n veskrikking op die plaaswerf en menige bytwond moes al behandel word en steke ingesit word. Soggens moes ek hulle eers op hok kry voor die eerste werkers die werf kon betree en jy moes met mening klou aan hul wurgkettings.

Dis net daar waar ouma viervoet vasgesteek het.

"Boeta, bring die honde se bakke, leibande en 'n sak hondekos. Hulle gaan saam" sê pa.

Ma se lippe trek dun.

Nege-uur daardie aand val ons in die pad see toe, Durban se kant toe. Die drie kinders en drie honde agter op die bak en pa en ma voorin. Ons plaas was neffens die ou hoofweg tussen Johannesburg en Durban en ons is gou op die teerpad. Tussen Warden en Harrismith trek pa en ma van die pad af om te slaap. Ons kinders is lankal in droomland maar die honde bly heelnag onrustig met die vragmotors wat verbykom.

Ons word die volgende oggend wakker toe 'n trein verbykom en die drywer entoesiasties vir ons op die fluit blaas. Van ligdag daardie Vrydagoggend is ons die middelpunt van belangstelling so vêr as wat ons gaan. Die aggressie van die honde hou die nuuskieriges op 'n afstand. Wanneer ons ry hang hulle deur die oop busvensters in die wind met flappende tonge en wapperende wange. Ons kinders rits en lê op die beddens.

Langs die pad besoek ons die Boereslagvelde en draai af na die Howickwaterval. Later die dag hou ons in Pietermaritzburg by die museum stil. Die pad het toe nog deur die dorp geloop. Ons drie kinders en drie honde hang elkeen halflyf deur sy eie venster na buite. Die spektakel trek soveel aandag dat daar naderhand 'n skare mense op die oorkantste sypaadjie staan en beduie en lag en pa besluit ons moet daar weg.

By die hoenderplaas teen die bult op anderkant Pietermarizburg trek pa op 'n stil plaaspad af. Die honde moet 'n draai loop en ons gaan padkos eet. Die vlakte om ons is doodstil en die honde soek elk vinnig na 'n geskikte graspol. Salig. Ons is oppad see toe vol verwagting in ons eie ryhuis, ons eie beddens en selfs ons honde gaan saam.

Baie jare later in die Krugerwildtuin sou ek weer die waarheid uit die lesse van die Afrikabos en veld ervaar. Die rustigheid en vrede van een oomblik kan in 'n oogwink onheilspellend verander, partykeer vir altyd.

Hilda, die teéf, sit ewe vredig haar ding en doen en tuur in die verte. Asof van nêrens verskyn daar skielik 'n swart meisietjie in skooldrag uit 'n bospaadjie sowat 500m verder in die vallei af. Hilda skiet met 'n grom uit haar spore uit asof daar 'n skoot klap. Die twee reuns is onmiddellik agterna. Ons skreeu en fluit verwoed. Die reuns steek vas maar die teef se ore is platgetrek en sy maak spoed op.

Die meisietjie gil en begin hardloop. Ma gryp die ander twee kinders en boender hulle voor in die kajuit in; pa spring agter die stuur in en ek lig die twee reuns op die bak. Die vragmotor trek met 'n brul weg en ek gryp vervaard aan die kant vas. Die afstand tussen die hond en kind krimp al hoe vinniger en die trok bons woes oor die veld. Ek hoor ma skree voor in die kajuit; pa druk die toeter en die kleintjie se "jo-jo, mê" gille styg bo die enjingeraas uit. Hilda is ons nog 30m voor toe sy die kind in 'n stofwolk onderstebo loop en aan die been beetkry. Ek laat los so in die ry en duik bo-op die hond. Ek kry haar wurgketting beet en trek haar van die kind af. Teen die tyd is ma ook al by. Die kind is vol stof en skrape maar het genadiglik net 'n ligte bytmerk aan die been. Ma dokter met mecurochrome en pleister en gee 'n sak eetgoed saam. Pa vroetel in sy beursie.

Baie bedeesd draai ons die vragmotor terug en ry verder.

Ma se lippe skyn spierwit en sy praat van omdraai huistoe.

Teen drie-uur se kant sak ons met die kronkelpad af Durban-toe en dis warm. Dis weer tyd vir stilhou en pa bekyk die suikerrietlande so van die hoogtes af. By 'n verlate land draai hy op 'n paadjie in en ry 'n paar honderd meter verder. Almal klim af. Die keer hou ons die honde aan hul leibande. As hulle hierdie suikerriet moet invaar kry ons hulle sweerlik nooit weer nie. Ons drink koeldrank en die honde kry water. Die gemoedere begin lig.

Vervolg op bl 8

## Rillervakansie met die wolwe (vervolg)

Almal is weer terug op hul plekke. Die paadjie is te nou om om te draai en ons ry verder teen die skuinste tot by 'n kruispaadjie waar pa probeer omdraai. Die vragmotor val vas in die dik sand. Ons grawe sand weg en sny riete om onder die wiele te pak. Niks help nie. Pa stoot verder terug om momentum op te bou, dan sit ons weer net daar vas. Ons kan nie vorentoe nie en dit raak al hoe verder van die grootpad af. Die sweet stroom oor ons gesigte.

Pa is filosofies.

"Dan slaap ons maar vanaand hier tot ons môre hulp kan kry"

Ma praat nie op die oomblik met pa nie. Sy praat ook nie met ons nie.

Sononder kom 'n span rietkappers van 'n ander land af toevallig verby gestap. Na baie oorreding, 'n karton sigarette, 'n brood en 'n skaapribbetjie uit die vrieskas stem hulle in om te stoot.

Die honde raak beserk maar met die ekstra hupstoot kry ons genoeg momentum om deur die sand te ploeg tot by die teerpad.

Dis reeds donker toe Durban se liggies voor ons opdoem en pa draai noord in die rigting van Balito. Kort-kort word daar op 'n paadjie ingedraai see se kant toe op soek na 'n stilhouplek vir die nag. Uiteindelik parkeer ons langs 'n bos agter 'n sandduin. Daar is geen ligte of huise in sig nie en veraf kan ons die branders hoor dreun. Daar hang 'n ligte mis oor die duine wat alles spokerig maak. Ons eet die laaste van die padkos en kruip in. Ons is doodmoeg. Die honde word onder die vragmotor vasgemaak.

Vroegoggend word ek wakker. Pa het buite al 'n vuurtjie in die wit sand aan die gang. Die koffieketel staan eenkant en prut en 'n braairooster staan gepak met skaaptjops. Pa is besig om 'n pappot om te roer. Die honde is bly om ons te sien. Ma praat darem ook weer met ons.

Ons is net besig om die laaste van 'n gesellige gesinsontbyt te nuttig toe daar so 'n ligblou polisiebakkie met 'n lang lugdraad op die dak stadig in die sandpad opgery kom. Op die dak is ook 'n lang bloulig waarop daar staan 'Polisie/Police'

Die polisieman hou so twintig meter weg van ons stil en klim tydsaam uit. Hy trek sy grys kortbroekuniform en belde reg en sit sy pet op sy kop. Hy het drie sulke breë strepe in V-vorm op sy regter bo- arm. Hy stryk oor sy welige snor en stap hoogvoet om die stof van sy blink skoene af te hou. Op sy linkerheup sit 'n vreeslike groot rewolwer wat met 'n leerbandjie aan sy skouer vas is.

"Môre sersant"  pa groet gesellig, "koffie?"

Die sersant sê niks. Hy begin stadig om die vragmotor loop terwyl hy die honde dophou. Hy skryf die registrasienommer in sy sakboekie en klim voor op die trappie om na die lisensie- en derdepartyskyfies te kyk. Hy bekyk die buskontrepsie van onder sy pet en skud sy kop.

Pa hou hom met 'n grinnik dop en die res van ons sit gespanne en wag dat hy sy rondte moet klaarkry.

"Koffie?" vra pa weer beleefd.

“Julle mag nie hier kamp nie" sê die sersant, "dis privaat grond."

Pa beduie dat ons net vir die aand oppad noord hier oorgestaan het en dat ons nou gaan ry. Ons het net gou ontbyt gemaak.

Die sersant sê hy sien ons is van die Vrystaat. Hy soek 'n vervoerpermit om die honde in Natal in te bring. Hy soek ook 'n inentingsertifikaat vir elke hond teen hondsdolheid. Ons is stomgeslaan. Pa sê hy weet niks van al die wette nie. Die sersant sê ons is in groot moeilikheid. Hy sal beslag op die honde moet lê en dit van kant moet maak. 'n Groot boete wag ook op pa en ons moet met hom saamkom polisiestasie toe. Hy sal pa moet toesluit tot die Maandag wanneer hy voor die hof kan verskyn.

Ons kinders sit bewend en luister en kleinboet begin grens. Die honde lê plat op hul voorpote onder die vragmotor ingekruip en vermy oogkontak. Pa probeer die sersant met allerhande betoë tot ander insigte oorreed maar hy bly nors. Uiteindelik stem hy in dat pa self die honde van kant sal maak.

Pa gaan haal sy rewolwer in die stuurkajuit en maak die leibande onder die vragmotor los. Ek moet die graaf op die bak vir hom aangee. Die honde verseg om te loop en hy sleep hulle behoorlik aan hul nekke deur die sand terwyl hulle sulke kermgeluidjies maak. Ons kinders huil histeries en ma probeer ons stilkry.

Pa verdwyn om die verste sandduin met die honde tjankend op sleeptou. Na 'n tyd klap die eerste skoot en een van die honde tjank kortaf. Nog skote klap kort opmekaar. Na 'n lang tyd kom pa teruggestap met die graaf in sy een hand en die rewolwer in die ander hand. Hy knak die rewolwer oop en keer die leë patroondoppies in sy hand uit. Hy gooi die doppies in die kole. Ons snik onbedaarlik.

Pa ignoreer die polisieman en steek sy pyp aan. Die rietkappers is die vorige middag met al sy sigarette weg. Hy skink vir hom koffie en gaan sit by die vuur en begin die kole toekrap. Hy sê vir ma om die losgoed op te pak dat ons kan ry. Ma se oë is rooi van die vuur se rook en haar lippe bewe, seker van die koue. Sy snuif heeltyd van die seelug.

"Nou-ja, dan ry ek maar weer" sê die sersant en stap weg sonder om te groet. Pa kyk die voertuig lank agterna en teug aan sy koffie. Hy skiet die laaste bietjie in die as uit en staan op.

"Boeta, kom ons gaan haal die honde."

Ek hardloop vooruit om die duin. Daar agter 'n bos lê aldrie vasgemaak en springlewendig. Hulle tjank opgewonde om my te sien en spring op-en-af. Ek druk Wolf lank teen my vas.

Hulle kon seker die spanning aanvoel en met die skote wat pa langs hulle afgetrek het, het hulle daarna doodstil bly lê. Later sou pa vertel dat hy 'n láng kans gevat het en gebid het vir die beste.

Daardie Saterdagmiddag spoor pa 'n indiërveearts op Stanger op wat die nodige inspuitings toedien en permitte uitreik. Natuurlik teen 'n buitengewone naweekfooi.

Ma lag weer, sy hou pa se hand vas en ons eet draairoomys by die kafee.

Ons ry verder tot by Zinkwazistrand waar ons vir die volgende tien dae staanplek kry. Ons ryhuis bly sommer vyfster. Die kamp is stil en ons en die honde baljaar heeldag in die water en op die lang strande.

Die honde het daarna nooit weer mense gebyt nie. Jare later na pa en oupa se dood moes ek hulle self skiet toe hulle wel 'n klomp stoetramme doodgebyt het.

Eendag wil ek weer op Zinkwazi met sy louwarm water en wit strande saam met die kleinkinders gaan kamp.

## Kranspoort sê dankie

***Ons sê dankie aan:***

*Die Heiningspan vir die toewyding en harde werk om Kranspoort inwoners en sy pragtige diere veilig te hou deur soveel kilometers te loop, berg op en berg af met drade en tange om die heining te inspekteer en reg te maak.*



# Hester kry die laaste woord in….



## Front page Photo

*The Photo was taken on my Canon 7D Mk11 camera using a Sigma 150mm to 600mm Zoom lens. The camera settings were: Shutter 1/800 sec, Aperture f 6,3 and ISO 3200.*

*Just after dawn I put some seed out to see if I could attract some birds. It wasn't long before the Guinea Fowl spotted the seed and arrived in numbers. I grabbed my camera and long lens to take a few shots. Being early (7 am) there was no direct sunlight so I increased the ISO setting and used a wide open aperture. The Guinea  Fowl were running all over the place, scratching at the ground and squabbling with each other. Just outside my fence there is a mound of soil and fortunately for me one of them climbed to the top to survey the scene. "CLICK"*

*Ed.. Thank you Mike for sharing your beautiful photographs with us. You are an artist with your camera.*


### Kranspoort Bulletin Redaksie

Redaksieleier: Wanda Underhay
wandaunderhay@gmail.com
Selfoon: 082 941 5051
Redaksielede:
Rentia Botha – 071 872 3145
Elsabe Strydom - 082 875 0378
Hester Hattingh – 066 270 7728

Proeflesers
Johan Botha
Magda van Brakel
Erna Ruthvin


## Heerlike Sjokoladekoek

6 Eiers (geskei)
1 ½ Koppie Koekmeel
1 ½ Koppie Strooisuiker
¾ Koppie Kookwater
¾ Koppie Kookolie
3 Eetl. Kakao
1 Tl. Sout
3 Tls Bakpoeier
1 Tl Vanilla Essens

**Ekstra vir bo-oor:**
1 Blikkie karamel kondensmelk
Vars room
1 Cadbury Flake

Stel oond op 180˚C.
Klits geel van eiers, voeg suiker by en klop goed.  Los kakao op in kookwater en voeg olie by.  Voeg by eiermengsel en roer goed.  Voeg meelblom, sout en bakpoeier by en meng goed voordat laastens vanilla bygevoeg word.  Klits eierwitte styf en vou in mengsel in.  Gooi in gesmeerde oondpan of groot genoeg glasbak en bak vir 35 minute of totdat toetspen skoon uitkom.

**Kook intussen:**
Stroop:
2 Koppies bruin suiker (jy kan wit suiker ook gebruik)
2 Koppies koue water
1 Tl Vanilla
2 Eetl. Kitskoffie
(Ek voeg so 'n kwart koppie brandewyn by net as dit begin opkook)(Opsioneel)

Gooi kokend oor koek sodra dit uit die oond kom.  Laat goed afkoel. Smeer 1 blik karamel kondensmelk oor, dan styfgeklopte room.  Strooi Flake bo-oor.

## Oefen die lagspiere

Raai in wie het ek vandag by die Spar vasgeloop? In flippen almal! Ek't my bril by die huis vergeet!

Ek't nuwe masjien by gym probeer! Kon net 'n halfuur uithou toe's ek naar, maar hy't nou vir jou alles..Kit-Kat, Jelly Tots, Simba chips, Bar One, Muffins!!!

Die fotograaf het 'n klasfoto van die kinders geneem en die juffrou het die kinders probeer motiveer om van die klasfoto's te koop. "Dink net hoe lekker sal dit wees as julle eendag weer na die foto kan kyk en sê: 'Daar is Jennifer; sy is nou 'n prokureur, of dit is Micheal, hy is nou 'n dokter." 'n Stem agter uit die klas sê: "Kyk, daar is Juffrou van Rooyen, sy's al dood!"





## Nuttige wenke

- Bêre al jou ekstra koekies seep in jou klerekaste. Dit hou goggas weg en laat jou kaste lekker vars ruik.
- Strooi Engelse sout tussen klere wat jy diep wegpak. Dit hou vismotte weg sonder die nare reuk van naftaleen balletjies.
- Verstopte drein: Neem een koppie koeksoda en gooi dit in die wasbak se dreineringspyp af.
- Gooi nou een koppie asyn stadig daarin en spoel weg met kookwater.
- Jy kan ook 2 koppies wassoda in die dreine-ringspyp gooi en afspoel met kookwater.
- Kragtige ontsmettingsmiddel: Meng een tee-lepel boraks, twee groot eetlepels wit spi-ritusasyn, twee eetlepels vloeibare seep en twee koppies warm water. Gooi in spuitbottel en spuit dit op die plek aan. Laat staan vir vyf minute en spoel af.
- Smeer koperpolitoer aan jou oonddeur om olie- en vetspatsels skoon te maak. Vryf die glas deglik en spoel met warm water af.
- Giet 'n bietjie wit asyn op vlekke op keramiek stoofplate. Laat 'n tydjie week voor jy dit
- afwas.
- Smeer die wande van 'n ou yskas wat nie automaties ontvries nie mt gliserien. Dit voorkom ysvorming.

## The 10 essential tools every man (and woman) should have in their car.

LifeHammer emergency tool.
Socket set.
Screw driver
Pliers
Duct tape
Tow strap
Jumper cables
Fixed-blade knife
Tire inflator/sealer
Flash light


# Kranspoort Advertensieblad vir jou yskas
















## Dis Herfs *deur Plooy*

Hey ! die vroeg oggend luggie het n byt
Wat so effens aan my vetjies knyp
Die wind wat so om die hoek sny
Laat my liewer binne die huisie bly
Die blare wat fladderend val,
Op die grasperk en tuin, uitgestal
Dis herfs –
dis al

Die bome se blare verkleur
Grasperk verloor sy fleur
Die miere is haastig an't werk
Die voorraad vir die winter versterk
Voëls sit gepof op die draad
Lemoen bloeisels in volle maat
Ek skud my klerekas reg
Dis herfs –
die somer is -
weg.

Ek's mal oor elke nuwe seisoen,
Iets met verandering te doen
Ek wil buite in die tuin snoei
Met saad en kunsmis knoei
My lewe en styl verander
Ou dinge laat spander
Skielik het ek net geweet
Dis Herfs….
my somer was reeds -
afgemeet

Ek is nie vir die winter bang,
daarin is die mooiste kleure opgevang.
Sonsondergang in karmosyn en rooi,
die wolke kruin in silwer getooi,
bome met kaal stamme afge-ets.
Uit God se natuur self geskets.
Met Lente, Somer en Herfs,
het die lewe my soms gekwets
In my lewens winter, kan ek weet,
lieflike plekke is vir my afgemeet.
Hoopvolle toekoms is beplan.
Dis Herfs ….
die Winter sal ook weer -
omgaan